

Dinsdag 9 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 47:1-10

Fokusgedeelte: Psalm 47:10
(1933/53-vertaling)

Hoog verhewe is Hy!

Die kinders van Korag besing in hierdie Psalm God se grootheid en hoogheid. Hoe groot is God is werklik? Hoe verhewe is God?

God se grootheid word in al die dele van dié Psalm beklemtoon. In vers 2-5 moet ons hande en ons stemme saamwerk. Hande moet met harde klank, soos met die geweld van die inkap van 'n tentpen, teen mekaar klink. Die stemme wat uitbreek moet só hard wees dat dit, as dit kon, die klankgrens breek.

Die grens van lof wat aan God behoort, moet onbegrens wees, want God is die Allerhoogste, Hy is gedug, aan Hom kom eerbied toe. Hy is Koning oor die hele aarde. In alles gaan dit om die grote God se soewereine teenwoordigheid en krag. Hy maak volke en nasies klein; daar kan op lande en volke, wat dink hulle is groot, getrap word.

God se grootheid word verder beklemtoon in sy verhewendheid. Die trots van Jakob lê letterlik in die hoogtes wat God vir hulle moontlik maak – God wat sy kinders uitkies, maar Hy kies ook vir hulle 'n erfdeel uit. Daarin lê God se liefde. Hy het sy kerk lief; in Israel was die kerk die trots van Jakob.

Vers 6-8 bring die kerk na vore. Dit is ons as kerk wat uitgesonder word om die hoogheid en verhewendheid van God in Christus met Psalms te besing. Vers 7 is een aanhoudende opdrag dat daar gesing moet word. Psalmsing ... Psalmsing tot vier maal toe. In vers 8 bring dit 'n vyfde maal, Psalmsing met 'n onderwysing.

In Israel is die ark besing as daar met hulle Nuwejaarsfees die ark teen die hoogte opgedra word. Die ark is simbool van God se teenwoordigheid. Dié Psalm is vir ons die profetiese heenwysing na Christus wat opgevaar het. Die opgaan van God se ark na sy tempel is 'n simboliese voorspel hiervan.

Laat ons vanuit hierdie Psalm met alles wat ons is en het God se grootheid en hoogheid besing. In Christus, deur sy Heilige Gees, kan dit deur die Psalms geleer word, geglo word, besing word. God sit op sy heilige troon. Hy regeer oor die nasies. Hoog verhewe is Hy!

Sing: Psalm 47-1:1, 3, 4

Dr. PJ Venter (Petrus) (Postmasburg)